



1 Julie 2020

Goeiemiddag Graad 6-ouers,

Ons sien baie uit om die leerders op 6 Julie terug te verwelkom. Onthou, dit gaan vir ons almal 'n vreemde omgewing wees. Dit gaan ons 'n tydjie neem om gewoond te raak aan die nuwe verwickelinge, maar 'n Valie staan nie terug vir 'n uitdaging nie.

Daar is verskeie maniere wat ons u kind en die personeel by die skool gaan beveilig:

- Alle Graad 6 en 7 leerlinge moet by die klein hekkie, langs **mnr. Jo Venter se klas** afgelaai word. Leerders ontvang hulle skanderingskode-kaartjie Maandagoggend, 6 Julie by die hek. Dit sal die bywoningsregister vervang en sal ook hul temperatuurdata stoor. Alle leerders se temperatuur sal soggens by die skoolhek gemonitor word en hulle sal die eerste dag, 'n paar vrae moet beantwoord; alvorens hulle die terrein mag betree.

Daar sal orals, ook op die stoepe en in klasse, duidelike lyne wees, om sosiale afstand te verseker.

Hulle moet netjies in 'n ry staan en wag dat hul hande ontsmet word met ontsmettingsmiddel.

Slégs leerlinge sal toegelaat word om die skool binne te gaan, **geen ouers** word toegelaat nie.

- Al die Graad 6 Afrikaanse leerlinge gaan **saal** toe. Daar sal reeds onderwysers wag om hulle by die **saal** te ontvang. Leerders sal nie klasse wissel nie, want die onderwysers gaan van plek tot plek beweeg. Groot staaltafels is in die saal gepak en slegs 2 leerders sit by 'n tafel. Bring gerus 'n komborsie of iets warmes saam.
- Om kontaminasierisiko te verminder, los die leerlinge elke middag hul tasse by die skool en vat net hul kosblik en kaartjie, met individuele skanderingskode, saam huis toe.
- Die skool sal gereeld die was van hande, met water en seep en 'n handontsmettingsmiddel afdwing. Leerders kan eie ontsmettingsmiddels saamvat skool toe, indien u dit sou verkies, alhoewel daar in al die lokale beskikbaar is.
- Leerlinge kry 'n nuwe klasrooster. Sodra 'n nuwe graad ingefaseer word, sal hul weer 'n ander rooster ontvang.

MISSION

BY MEANS OF QUALITY TUITION AND
EDUCATION PAR EXCELLENCE WE WILL
BUILD A FUTURE FOR OUR YOUTH

MISSIE

KWALITEIT ONDERRIG EN OPVOEDING
BY UITNEMENDHEID, BOU VIR ONS JEUG
'N TOEKOMS



- As gevolg van die feit dat daar net 50% van die leerlinge by die skool mag wees, sal u inligting met betrekking tot die blou en groen groepe volgende week ontvang. Maak asb. seker dat u deeglik bewus is in watter groep u kind is en dat u die tye wat u kind nie by die skool mag wees nie, sal voortgaan op Google Classroom.
- Daar sal geen groot byeenkomste soos saalopeninge, sportbyeenkomste, ensovoorts by die skool plaasvind nie.
- Selfone word toegelaat. Dit bly elke ouer se keuse. Dit sal elke oggend ingehandig word. Selfone sal die laaste periode aan leerders teruggegee word.
- **Sosiale afstand** sal gehandhaaf word en **fisiese kontak of aanraking** (handdruk of drukkies) sal nie toegelaat word nie.
- Die skool sal **daaglik** skoongemaak word, met klem op hoërisiko-oppervlakke soos traprelings, deurhandvatsels en badkamers. Daar sal permanent werkers by die badkamers wees om skoon te maak, na elke gebruik. Slegs een leerder sal op 'n slag, in die badkamer toegelaat word.
- Die klasse gaan elk op verskillende areas pouse hou, om seker te maak kinders hou hulle sosiale afstand.
- **Leerders en personeel wat siek voel, MOET tuis bly. Hulle moet vir Covid-19 getoets word en die skool moet ook in kennis gestel word.**
- Indien u kind 'n onderliggende siekte het en nie skool kan bywoon nie, moet u asb dadelik die registeronderwyser en Mev. Sanette Toerien (sanette.toerien@gmail.com) in kennis stel. Laat weet ons ook asb. indien u/u kind in kontak was met iemand wat positief getoets is vir Covid-19.
- U kind **moet** ten alle tye sy/haar **masker** dra. Die skool sal elke kind van 'n masker voorsien, wat deur die departement verskaf word, maar u is welkom om u eie aan te skaf. Alhoewel daar Vaalparkmaskers is, hoef u nie dit aan te koop nie. U kan enige masker/skerm aankoop waarmee u kind gemaklik voel. Indien 'n leerder nie die reëls gehoorsaam nie en ander leerders daardeur in gevaar stel, kan u versoek word om u kind by die skool te kom haal.
- Ons wil dit graag beklemtoon dat dit belangrik is vir u kind om skool by te woon. Moet asseblief nie u kind tuishou omdat hy/sy nie die regte skooluniform het nie. Ons verstaan dit is ongewone tye waardeur ons nou gaan, maar ons vertrou u sal u beste doen om u kind/kinders so netjies en korrek geklee as moontlik, te hou.

MISSION

BY MEANS OF QUALITY TUITION AND
EDUCATION PAR EXCELLENCE WE WILL
BUILD A FUTURE FOR OUR YOUTH

MISSIE

KWALITEIT ONDERRIG EN OPVOEDING
BY UITNEMENDHEID, BOU VIR ONS JEUG
'N TOEKOMS



Maandae	Dinsdae	Woensdae	Donderdae	Vrydae
Skooluniform	Gewone klere	Skooluniform	Gewone klere	Skooluniform

- Stigmatisering sal deur deeglike inligtingsessies bekamp word.
- Ouers moet asb. baie seker maak dat u u kinders direk na skool kom haal. **Covid-19 beleid bepaal dat geen kind na skool, in die middag, by die skool mag wees nie.**
- Skooltye vir Gr.6: **07h30 – 14h15** (Maandae – Donderdae)
07h30 – 13h00 (Vrydae)

Ons doen alles, menslik moontlik, om die omgewing veilig te hou. Ondersteun ons asb. Indien daar van die reëls is wat met verloop van tyd sal moet verander, sal ons u op hoogte hou.

Voltooi asb. die afskeurstrokke, as bewys van ontvangs van hierdie brief en stuur op 6 Julie terug skooltoe.

Ek, ouer van, in Graad 6 erken

hiermee ontvangs van inligtingsbrief t.o.v heropening van skool, soos elektronies

ontvang op 01 Julie 2020.

MISSION

BY MEANS OF QUALITY TUITION AND
EDUCATION PAR EXCELLENCE WE WILL
BUILD A FUTURE FOR OUR YOUTH

MISSIE

KWALITEIT ONDERRIG EN OPVOEDING
BY UITNEMENDHEID, BOU VIR ONS JEUG
'N TOEKOMS